

Woensdag 11 November

Skrifgedeelte: Daniël 7

Fokusgedeelte: Daniël 7:13, 14

Getel en geweeg op God se skaal – die ondergang van wêreldmagte

Die profeet Daniël ontvang 'n droom en visioene wat ontstellend is. Wat Daniël in sy droom gesien het, en wat ons in die wêreldgeskiedenis beleef, is inderdaad iets wat jou ontstel. Jy raak beangs en skrik (vs 15, 28). Die arrogansie en harde trots van mense in regeringsposisies (“konings” – vs 17, 1953-vertaling) met hulle geweldige vernietigingsdrang maak mense bang.

Ons wil wéét: “Wie is hierdie wêreldmagte in hulle onbeskryflike monsteragtigheid?” Daarom sit ons met die geskiedenisboeke langs die geopende Bybel: geskiedenisboeke moet vir ons die Bybel verklaar. Ons wil 'n naam en 'n gesig aan hierdie monsters, wat ons lewensbestaan en vrede bedreig, koppel.

Maar dan hoor ons Daniël in vers 13 sê: “Ek het gesien in die naggestigte, *en kyk ...* En kyk! “Met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens ...” Met 'n uitroep wat bedoel is om jou aandag te trek, trek die Heilige Gees wat die profeet geïnspireer het, ons aandag wég van die konings met hulle arrogansie en harde trots en hulle vraagsug na mag en vernietigingsdrang ... en Hy wys aan ons die Koning van die konings (vs 14)!

Sien Hóm met jou geloofsoog raak wanneer jy weer jou koerant oopmaak of jou televisiestel aanskakel en die moord, doodslag en brutaliteit van die vier diere uit die ontstuielige volkeresee jou volvuiskonfonteer. Aanbid Hom en dien Hom in Gees en waarheid, want sy koninkskap is ewig. Vertrou jouself deur die kragvolle werking van die Heilige Gees gelowig aan Hom toe: die Regter het reeds in sy regverdige en heilige oordeel hulle lot beslis (vs 9-12). En die Oorwinnaar-Koning het reeds die monstermagte beslissend verslaan aan die kruis van Golgota en wanneer Hy weer kom, sal Hy hulle finaal verslaan.

Jy wat deel in sy lyding, sal dan ook deel in sy heerlikheid (vs 18)!

Sing: Psalm 110-3:1, 2, 3

Ds. JC van Dyk (Jannes) (Ventersdorp)